

HOE OM JOU BELASTINGKLARING-INLIGTING TE BEKOM

#YourTaxMatters

As 'n klein-, mikro- of mediumonderneming (KMMO), sal daar op een of ander stadium van jou verwag word om jou belastingklaring-inligting aan 'n ander entiteit te verskaf / bevestig / deel. Dit kan wees om vir 'n tender aansoek te doen, 'n nuwe kontrak, goeie reputasie of ten opsigte van 'n buitelandse belegging. Jou belastingklaring-inligting kan bekom word deur die belastingnakomingstatus-stelsel.



Wat is die belastingnakomingstatus-stelsel?

Belastingnakomingstatus (TCS) het die belastingklaring-sertifikaat-stelsel, wat voorheen deur SARS gebruik is, vervang.

Die nuwe TCS-stelsel stel jou in staat om 'n **TCS-PIN** in werklike tyd te bekom, in plaas van 'n gedrukte belastingcertifikaat.

Onthou! Jou belastingnakomingstatus is nie onbeweeglik nie, omdat dit verander in lyn met jou belastingoptrede, en dit kan 'n impak op jou sakegeleenthede hé.

Wat het ek nodig om belastingnakomend te wees?

Om belastingnakomend te wees, moet jy seker maak dat:

- ✓ Jy vir alle vereiste belastingsoorte geregistreer is
- ✓ Jy al jou belastingopgawes betyds indien
- ✓ Jy al jou belastingeskuld betyds betaal



Hoe om 'n TCS-PIN deur eFiling te bekom?

Maak seker dat Adobe Flash op jou rekenaar of skootrekenaar geïnstalleer is en in werking is. Besoek www.adobe.com om dit af te laai.



1 Teken aan op eFiling

Indien jy nog nie 'n eFiler is nie, registreer op www.sarsefiling.co.za.

Jy moet vir eFiling geregistreer wees en een belastingsoort aktief op jou eFiling-profiel hê, om die TCS-diens te aktiveer.

2 Aktiveer jou belastingnakomingstatus-diens

Jy hoef slegs een keer jou belastingnakomingstatus te aktiveer, en dit sal aktief bly. Sodra jy die diens geaktiveer het, sal jy die "My Compliance Profile" op jou skerm sien.

Indien jy vir meer as een belastingsoort geregistreer is en jy het nog nie die belastingsoorte saamgeveg in een geregistreerde profiel nie, word dit aanbeveel dat jy die "Merge Entities"-funksie voltooi om 'n nakomingsprofiel van alle belasting te sien.



3 Besigtig jou "My Compliance Profile"

Jou nakomingstatus sal vertoon word volgens die volgende nakomingsvereistes:

- Registrasiestatus
- Indiening van opgawes
- Skuld
- Toepaslike stawende dokumente.

'n Kleur-gekodeerde profiel sal verskyn om aan te dui of jy belastingnakomend is vir elke nakomingsvereiste soos hierbo gelys.

Groen - Jou belasting sake is in orde en jy is belastingnakomend

Rooi - Jou belasting sake is nie in orde nie en jy is nie belastingnakomend nie.

4 Versoek 'n PIN op eFiling

Om 'n PIN te versoek, gaan na "My Compliance Profile":

- Kies die "Tax Compliance Status Request"-opsie
- Kies die soort TCS waarvoor jy wil aansoek doen. Jy sal die volgende opsies hê:
 - » Goeie reputasie
 - » Tender
 - » Buitelandse beleggingstoelaag (slegs individue)
 - » Emigrasie (slegs individue)
- Voltooi die "Tax Compliance Status Request" en dien dit in.

Jou PIN sal onmiddelik per SMS of e-pos uitgereik word indien jou belasting sake in orde is.

Jy kan 'n heruitreiking van jou PIN versoek onder "My Compliance Profile"



LW: 'n Unieke PIN sal uitgereik word vir elke TCS-versoek wat jy by SARS indien.

Wat moet ek doen as my "My Compliance Profile" ROOI is?

Opsie 1:

Beweeg oor die "non-compliant"-statusaanduier op eFiling vir meer inligting oor hoe om jou nakomingstatus reg te stel, en neem daarvolgens aksie.

Opsie 2:

Indien jy nie saamstem nie en jy wil jou belastingnakomingstatus uitdaag, kies die "Challenge Status"-opsie onder aan jou "My Compliance Profile" skerm.



Wie sal jou belastingnakomingstatus verifieer?

Daar kan gevalle wees waar iemand ('n individu of ander maatskappy of regeringsentiteit) mag nodig hê om jou belastingnakomingstatus te verifieer vir 'n tenderaansoek, vir goeie reputasie - wat bevestig of jou belasting sake in orde is by SARS, of vir buitelandse beleggingstoelaag.

Om jou belastingnakomingstatus op eFiling te verifieer, sal die persoon of entiteit jou belastingverwysingsnommer en PIN nodig hê. Besoek www.sars.gov.za vir die proses om 'n TCS-PIN te verifieer.

VRYWARING

Die inligting in hierdie blaadjie vervat, is slegs as riglyne bedoel en word nie as regsverwysing geag nie, dit is ook nie 'n bindende reël nie. Die inligting neem nie die plek van wetgewing in nie en lesers wat twyfel oor enige aspek van die inligting in hierdie blaadjie vertoon, moet na die toepaslike wetgewing verwys, of 'n formele opinie versoek van 'n geskikte gekwalifiseerde individu. Vir meer inligting kan jy - • Die SARS-webtuiste besoek www.sars.gov.za • Jou geregistreerde belastingpraktisyn kontak • Die SARS Nasionale Kontaksentrum kontak - indien plaaslik, by 0800 00 7277; of indien jy van oorsee skakel, by +27 11 602 2093 (slegs tussen 8:00 en 16:00 Suid-Afrikaanse tyd).